

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING

Voor 1900 was daar weinig sprake van Liggaamlike Opvoedkunde as vakwetenskap en as georganiseerde praktyk in Suid-Afrika (Jooste, 1954:72-74; Anon., 1948a:6-9). Die vestiging en daaropvolgende uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde as vakwetenskap en as georganiseerde praktyk het sy beslag in Suid-Afrika eintlik eers sedert die begin van dié eeu gekry. Die vestiging van Liggaamlike Opvoedkunde as vakwetenskap en as georganiseerde praktyk is grootliks aan die werk van leidende persone in dié veld toe te skryf. Aangesien wetenskapsbeoefening 'n eksklusiewe menslike aktiwiteit is, is dit logies dat geen wetenskap sonder menslike arbeid in die vorm van denke, organisasie, inisiatief en toegewydheid tot stand kan kom nie.

Wetenskap kom tot stand deur middel van navorsing en navorsing impliseer denke, nabetrugting en besinning. Hierbenewens behels navorsing verskeie metodes soos waarneming, ontleding, sistematisering, analisering, evaluering, afleiding, bevestiging, ensovoort. Sonder om op hierdie faset van die wetenskap in te gaan, is dit voldoende om te stel dat Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline deur middel van navorsing gevestig en uitgebou is. Daar is egter verskeie ander fasette aan die vestiging en die uitbouing van die vak verbonde. Uit die literatuur wat geraadpleeg is, blyk dan ook dat persone wat betrokke was by die vestiging en uitbouing van die vak, besondere bydraes ten opsigte van bepaalde fasette van die dissipline - in 'n geheelverband gesien - gelewer het. Spesifieke belangstellings lei gewoonlik tot besondere bydraes op sulke terreine van die wetenskap. Die ontwikkelingsgang van Liggaamlike

Opvoedkunde in Suid-Afrika is dus die resultaat van persoonlike bydraes. Dit is immers ook menslike optredes en denke wat "geskiedenis maak".

Tot op datum is slegs sekere fasette van die historiese ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika nagevors, soos byvoorbeeld die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in die Transvaalse Onderwysdepartement (Van der Merwe, 1944:38-45; Pienaar, 1969:58-115; Kelder, 1945:118-120); die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in die Vrystaat (Van der Plaat, 1945:170-175; Kelder, 1945:121-122; Goosen, 1963:33-52); die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in die Kaapprovinsie (Kelder, 1945:114-117; Taylor, 1945:179-182); die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in Natal (Braham, 1945:176-178; Kelder, 1945:117-118); die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in die Suid-Afrikaanse Weermag (Loubser, 1961:95-102, Geyer, 1969:36-57; Goosen, 1970); die geskiedenis van die Liggaamlike Opvoedingsbrigade (Erasmus, 1947:41-53); die invloed van die Sweedse stelsel op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika (Willemsse, 1969:80-180); die geskiedenis van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde van die Universiteit van Stellenbosch (Boshof, 1981) asook ander beknopte weergawes oor die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika (Jooste, 1954:72-74; Anon., 1948a:6-9).

Uit die bostaande oorsig is dit duidelik dat daar nog geen omvattende studie oor die ontwikkelingsgeskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika gedoen is nie. 'n Studie van bostaande literatuur het ook aan die lig gebring dat daar nog nie gepoog is om die bydraes van leidende Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika met betrekking tot die vestiging van die vak en die uitbouing daarvan, te dokumenteer, te sistematiseer en te analiseer nie. Die bydraes van enkele persone kom op 'n baie kursoriese wyse na vore in die genoemde literatuur.

Om vas te stel of enige studie - buite Suid-Afrika - gedoen is om die bydraes van leidende Liggaamlike Opvoedkundiges met betrekking tot die vestiging van die vak en die uitbouing daarvan, te dokumenteer, te sistematiseer en te analiseer, is 'n uitgebreide literatuurstudie deur die navorser gedoen. Die enigste bron - wat oor een of ander bydrae van 'n Liggaamlike Opvoedkundige of Liggaamlike Opvoedkundiges gehandel

het - wat deur die navorsers opgespoor kon word - was die volgende publikasie: Gerber, E.W. 1971. Innovators and institutions in Physical Education. Philadelphia : Lea & Febriger.

Die grondveronderstelling van die studie is dat die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde as vakwetenskap en as georganiseerde praktyk wesenlik afhanklik is en was van die toegewydheid, hardwerkendheid, navorsingsgerigtheid en betrokkenheid van leidende Liggaamlike Opvoedkundiges. Die dinamiese ontwikkeling wat daar tans in die dissipline beleef word, berus immers op die aanvoorkom van die aanvanklike grondleggers van die dissipline in Suid-Afrika.

Die sentrale probleemstelling van die studie is dat aan die bydraes van leidende persone in Liggaamlike Opvoedkunde ten opsigte van die vestiging en uitbouing van die dissipline en van Liggaamlike Opvoedkunde as georganiseerde praktyk in Suid-Afrika weinig of geen aandag gegee is nie. Gevolglik bestaan daar 'n leemte in die bestaande vakwetenskaplike kennis van Liggaamlike Opvoedkunde. Die fokus van die studie is op hierdie leemte gerig en wil poog om in die verband 'n bydrae te lewer.

1.2 MOTIVERING VAN DIE PROBLEEMSTELLING

Die motivering van die probleemstelling en vir die onderneming van die studie berus op die volgende argumente:

1. Insig in die aard, omvang en gehalte van die bydraes van sulke persone ten opsigte van die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika bring 'n bepaalde visie na vore waardeur die groei en ontwikkeling van die dissipline en as georganiseerde praktyk in 'n breër en dieper perspektief geplaas kan word. Historiese afstand en historiese diepte bring opnuut 'n herwaardering van die dissipline se ontwikkelingsgang sowel as van die bydraes wat leidende persone in die verband gelewer het na vore.

2. Die tweede motivering vir die studie is dat die dokumentering, sistematiesing en analisering van die bydraes van sulke persone ten opsigte van die vestiging en die uitbouing van die dissipline en van Liggaamlike Opvoedkunde as georganiseerde praktyk, nie alleen 'n bepaalde leemte in die vakwetenskaplike kennis terrein vul nie maar dat dit ten minste gedeeltelik daartoe kan bydra dat waardevolle inligting geboekstaaf kan word. In te veel gevalle gaan kosbare inligting verlore omdat persone wat deurleefde kennis van bepaalde velde gedra het te sterwe kom sonder dat sulke inligting ingesamel en/of gedokumenteer is.
3. Navorsing in verband met die aard, omvang en gehalte van die bydraes van sulke persone met betrekking tot die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde laat die lig opnuut val op bepaalde fasette van die vak soos op sekere denkrigtings met betrekking tot die ontwikkelingsgang van Liggaamlike Opvoedkunde; op leidende persone se persoonlike benaderings en oortuigings met betrekking tot Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk; op die navorsingsdimensie van Liggaamlike Opvoedkunde; op die opleidings- en onderrigdimensie van Liggaamlike Opvoedkunde en op die organisatories-administratiewe dimensie van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk.
4. 'n Historiese perspektief op die bydraes van leidende persone ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen, is in beginsel van belang. Die feit dat die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in die kursusse vir Liggaamlike Opvoedkunde aan universiteite al hoe minder aftrek kry, is 'n kenmerk van die moderne tyd in Suid-Afrika. Die gevolg hiervan is onder andere dat ook Liggaamlike Opvoedkundiges wat vandag in die praktyk van die lewe staan, perspektief op die ontwikkelingsgang van die dissipline wat hulle beoefen, verloor. In vele gevalle word die moderne fase van Liggaamlike Opvoedkunde as vanselfsprekend aanvaar; in ander gevalle word die historiese aspek van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde deur middel van die bydraes van leidende persone in die vak, eenvoudig geïgnoreer en word die huidige vlak van wetenskapontwikkeling bykans in 'n historiese vakuum beoefen. Ook in die ontwikkelingsgang van die wetenskap - wat die geskiedenis van die wetenskap of van 'n dissipline veronderstel - is daar

universele waarhede opgesluit waaruit die mens van vandag veel kan leer. Die bydraes wat ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde as wetenskap en as georganiseerde praktyk vanaf 1900 tot ongeveer 1982 gelewer is, is immers die fondasies waarop die huidige vlak van ontwikkeling in Liggaamlike Opvoedkunde rus.

5. Dit is kenmerkend van enige dissipline dat dit oor bepaalde groot figure in sy ontwikkelingsgang beskik; persone wat op verskillende wyses betekenisvolle bydraes tot die vestiging en uitbouing van sulke dissiplines gelewer het. So is dit ook in die geval van Liggaamlike Opvoedkunde.

1.3 DOEL VAN STUDIE

Die sentrale doel van die studie, soos afgelei kan word uit die motivering van die probleemstelling, is om die bydraes van enkele Liggaamlike Opvoedkundiges ter vestiging en uitbouing van die dissipline en van Liggaamlike Opvoedkunde as georganiseerde praktyk in Suid-Afrika te dokumenteer, te sistematiseer en te analiseer ten einde 'n konkluderende sintese oor die aangeleentheid te maak.

Die hoofdoel kan egter in verskeie suboogmerke verdeel word. In dié verband kan die volgende onderskei word:

- Om vas te stel op welke wyse hierdie persone 'n bydrae of bydraes tot die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika gemaak het.
- Om, sover dit moontlik is, die omvang van hulle bydraes te probeer vasstel. Dit wil sê om 'n indruk te probeer kry van die hoeveelheid terreine in die Liggaamlike Opvoedkunde waarby hulle betrokke was.
- Om die gehalte van hierdie persone se bydraes ten opsigte van die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen te probeer peil. (In 1.5 word meer besonderhede in dié verband verstrek.) Uit die aard van die saak is dit eerstens nie die doel van die navorser om die bydraes van die gekose persone af te weeg

teen die kwaliteit van bydraes wat tans in die Liggaamlike Opvoedkunde gelewer word nie. Nog minder is dit die doel om die gehalte van die wetenskaplike dissipline, soos deur die gekose persone beoefen, te meet aan die standaarde van vandag. Trouens, die meting van die gehalte van die bydraes wat dié persone in hulle tydvak gelewer het, kan beswaarlik, indien wel, deur enige hedendaagse navorser met gesag gehanteer word aangesien dit sou impliseer dat so 'n navorser 'n meester op bykans alle terreine van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen moet wees - en dit is onmoontlik. Dit is wel die doel om, sover beskikbare data dit toelaat, vas te stel wat gesaghebbende tydgenote van hierdie persone van hulle bydraes gedink het.

- Om 'n bydrae ten opsigte van die genoemde leemte in die wetenskaplike kennis van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen te lewer.
- Om deur middel van die dokumentering, sistematisering en analisering van data nie alleen waardevolle inligting te boekstaaf nie, maar om deur middel van 'n historiese benadering 'n enigszins breër visie ten opsigte van die persoonlike bydraes van leidende persone in verband met die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika te bekom.
- Om 'n indruk te vorm ten opsigte van watter aspekte van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen, die persone meer besondere bydraes gelewer het, wat hulle spesialiteitsrigtings en/of voorkeurrigtings was en welke graad van spesialisering deur middel van hulle bydraes ingetree het.
- Om 'n indruk te vorm van die benaderings wat hulle tot Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen gehad het.
- Om te probeer vasstel hoedanig hulle bydraes binne die konteks van hulle tydsmilieu was. In dié verband kom sake soos die beskikbare fasiliteite, kommunikasiemiddele, georganiseerdheid in die geledere van Liggaamlike Opvoedkundiges, die strewes en ideale van die genoemde persone, die verwesenliking daarvan al dan nie, die tipe navorsing wat onderneem is sowel as hulle benaderings tot opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde ter sprake.

1.4 AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD

In die afdeling oor metodologiese fasette, word enkele van die belangrikste metodologiese probleme ten opsigte van die afbakening van die studieveld behandel. Die eerste faset van die studie is om, soos reeds gedeeltelik aangetoon, aan te dui wat die sentrale probleemstelling, die motivering van die probleemstelling, die doel van die studie, die afbakening van die studieveld, die ontleding van metodologiese vraagstukke verbonde aan die studie en die belangrikste fasette met betrekking tot die bronnemateriaal behels. In dieselfde hoofstuk word vervolgens aandag gegee aan basiese kriteria wat neergelê is vir die seleksie van drie leidende persone op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen in Suid-Afrika. Die tweede faset van die studie behels 'n kursoriese oorsig oor die stand van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika sedert 1900. In dié afdeling word nie gepoog om byvoorbeeld diep op die gehalte van navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde in te gaan nie. Die doel van dié gedeelte is om aan die leser 'n algemene beeld te verskaf ten einde die bespreking van die bydraes van die gekose persone tot die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika in 'n bepaalde historiese perspektief te sien. Uiteindelik word in drie afsonderlike hoofstukke die bydraes van J.W. Postma, C.M. Smit en D.P.J. Smith tot die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika ontleed. In die slothoofstuk word getrag om algemene verskynsels met betrekking tot die bydraes wat die persone respektiewelik gelewer het, te sintetiseer en vir sover dit moontlik is, 'n algemene kontekstuele evaluering te maak ten opsigte van enkele hoofaspekte van hulle bydraes.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK EN METODOLOGIESE PROBLEME

Die wetenskaplike het 'n hele reeks wetenskaplike metodes tot sy beskikking. Die navorser aanvaar die uitgangspunt dat elke metode sy besondere toepassingsterrein het aangesien die tipe metode wat gevolg

word nou met die geldigheid, betroubaarheid en bestendigheid van die navorsingsresultate saamhang. Hierbenewens is dit ook waar dat daar nie 'n eksklusiewe metode - veral in die geesteswetenskappe - is wat die volle werklikheid kan omvat en blootlê nie. Daarvoor is die gegewe objektiewe werklikheid veels te gekompliseerd en geskakeerd.

Die sentrale metodologiese benadering wat gevolg word, is die histories-analitiese metode waardeur die data - wat aan die hand van 'n bepaalde sisteem ingesamel is - tematies-chronologies gesistematiseer en geanaliseer word en waarvolgens die aard, omvang en gehalte van die bydraes van die genoemde persone histories-kontekstueel benader word (Strube, 1964:85-87; Gray, 1956:1-87; Van Jaarsveld, 1961:1-43). Met die oog op die sistematisering van die data, gelees saam met die hoofoogmerk van die studie, is drie fasette (veranderlikes) gekies as raamwerk waarvolgens die bydraes van die gekose persone ontleed word. Dit behels eerstens die bydraes van die persone ten opsigte van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde. Onder die punt word fasette soos die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde - met verwysing na aspekte soos doeltreffende administrasie ter ondersteuning van opleiding en onderrig, instelling van kursusse en vakrigtings, samestelling van leerplanne, daarstelling van fasiliteite en apparaat, doeltreffende opleidingsmetodes en die invloed wat die persone op studente gehad het - behandel.

Die tweede faset behels die bydraes van die persone ten opsigte van navorsing in die dissipline. Onder dié hoof word aandag gegee aan die eie navorsing van die betrokke persone, hulle bydraes ten opsigte van navorsingsprojekte, hulp aan studente ten opsigte van navorsing, publikasies van die persone, referate gelewer tydens kongresse en simposia en hulle bydraes ten opsigte van navorsingstydskrifte.

Die derde faset wat in ag geneem word, behels die organisatoriese en administratiewe aspek van Liggaamlike Opvoedkunde - veral in verenigingsverband. Dit beteken dat aandag gegee word aan die betrokkenheid van die persone by Liggaamlike Opvoedkundige verenigings en die bydraes wat hulle in die verband gelewer het, die betrokkenheid en bydraes ten opsigte van sportverenigings en komiteewerk, die bydraes

wat hulle gelewer het ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige verenigings, hulle betrokkenheid by die aanbieding van Liggaamlike Opvoedkundefeeste en -vertonings en die bydraes ten opsigte van bepaalde projekte wat onderneem is om Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as gemeenskapsdiens uit te brei en bekend te stel.

Die studie bied sy eie besondere metodologiese probleme. Die volgende het geblyk die belangrikste te wees:

1. Eerstens is die studie nie bedoel as 'n streng vergelykende studie nie. Soos aangetoon, kom die drie persone uit dieselfde tydvak maar hulle is so gekies dat elkeen 'n besondere bydrae op sy eie terrein gelewer het - waardeur streng vergelyking dus uitgeskakel word. Metodologies gesien is dit nie 'n vereiste dat so 'n studie streng vergelykend hoef te wees nie; dit is nie die doel van die studie om die bydraes van die drie gekose persone sistematies en volgens 'n vasgelegde skedule met mekaar te vergelyk nie, maar eerder om algemene tendense (soos uit die studie na vore mag kom) met betrekking tot die aard, omvang en gehalte van bydraes tot die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen te sintetiseer. 'n Mate van vergelyking is egter wel moontlik, naamlik ten opsigte van die vraag hoedanig elkeen se bydrae tot die vestiging en uitbouing van die vak was en of daar ooreenkomste en verskille bestaan.
2. In die voorafgaande gedeeltes is verskeie begrippe gebruik soos bydrae, wyse van bydrae, omvang van bydrae, gehalte van bydraes, vestiging en uitbouing van die dissipline, leidende persone. Daar is een besondere metodologiese probleem wat baie nou met die genoemde begrippe en met die doel van die studie saamhang. Gesien in die lig van die feit dat Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk sedert 1900 so omvangryk ontwikkel en gedifferensieer het, is die vraag of dit metodologies enigsins verantwoordbaar is om verder as 'n blote konstatering van "feite" en die sistematiesing van data te gaan. Die bepaling van bydraes impliseer reeds 'n bepaalde waarde-oordeel met betrekking tot die bydraes van die gekose persone. Die metodologiese probleem is enersyds daarin geleë dat die blote sistematiesing en chronologiese

dokumentering van die data niks verder kan vorder as 'n blote opstapeling van "feite" nie. Só 'n metodologiese benadering bring die navorser terug by die positivistiese model van die wetenskap wat voorgegee het dat die werklikheid net beskryf en nie verklaar mag word nie (Strubbe, 1964:188-191). Andersyds is die probleem, metodologies gesproke, daarin geleë dat as daar 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe evaluering van die ontwikkeling van die dissipline as sodanig deur middel van die bydraes van die genoemde persone gemaak moes word, dit sou impliseer dat die navorser oor die nodige uitgebreide kennis moet beskik om met gemak en gesag oor alle terreine van Liggaamlike Opvoedkunde te beweeg - met insluiting van die jongste verwickelinge in die vak. Dit spreek vanself dat dit 'n praktiese onmoontlikheid is.

Dit moet duidelik gestel word dat dit nie die oogmerk is om die ontwikkeling van die dissipline as sodanig te evalueer nie. Die invalshoek vir die studie, metodologies gesien, lê anders, naamlik om 'n ontleding te maak van die aard, omvang en gehalte van die bydraes van die betrokke persone tot die vestiging en uitbouing van die dissipline in Suid-Afrika. Die aksent val dus op hulle bydraes. Hoewel ook hierdie opgaaf nie sonder probleme is nie, diskwalifiseer dit nie die meriete van die studie nie aangesien daar van die histories-sistematiese en analitiese metodes gebruik gemaak word om die aard, omvang en gehalte van die bydraes van die persone te ontleed. Gevolglik word daar gepoog om vanuit 'n historiese hoek 'n ontleding te maak van welke soort bydraes gelewer is, hoe omvangryk dit vir hulle tyd was en, indien enigsins moontlik, om tydgenote van die genoemde persone se waarde-oordele oor die gehalte van hulle bydraes te dokumenteer en te analiseer teen die agtergrond van die beskikbare data. Deur middel van 'n historiese omgang met die gebeure, gelees binne die konteks van die tyd waarin dit plaasgevind het en met inagneming van die veranderinge wat ontstaan het, is dit moontlik om op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse 'n bepaalde gang van sake te ontleed en die hoofmomente daarvan te sintetiseer.

3. Ten opsigte van die begrippe, waarvan enkeles in die voorafgaande gedeelte aangehaal is, is daar een oorkoepelende metodologiese probleem wat aandag verdien. Dit is bekend dat die "stryd" in die

wetenskap oor die bepaling van die kwaliteit en die kwantiteit van gebeure, handelinge en objekte, so oud soos die wetenskap self is. As gevolg van die snelle ontwikkelinge wat op die terrein van die natuurwetenskappe plaasgevind het, is die kwantifiseringsmetode - meting - baie hoog aangeskryf as metode. Die probleem, en dit is wesenlik 'n metodologiese aangeleentheid, is dat die "stryd" oor die genoemde metodes berus op 'n valse uitgangspunt, naamlik dat een van die metodes die eksklusiewe reg op werklikheidsverklaring het omdat dit die werklikheid dan so duidelik en presies kan verklaar. Hierdie twee metodes is in wese twee kante van dieselfde penning. Die werklikheid is in der waarheid sodanig dat sekere fasette daarvan makliker en presieser verklaarbaar is - waarby die kwantifiseringsmetode van groot waarde is. Andersyds is die kwantifiseringsmetode nie deurgaans toepaslik nie omdat alles in die werklikheid bloot nie kwantifiseerbaar is nie. Dit onthef die wetenskaplike egter nie van die taak om ten opsigte van sy begrippe en die fenomene waarmee daar gewerk word, so duidelik en so presies as moontlik te omskryf nie.

Metodologies gesien aanvaar die navorser die uitgangspunt dat die omringende werklikheid uiters kompleks en 'n verweefde geheel is waarin daar 'n "...orderliness within social phenomena...." (Goode & Hatt, 1952:343) is. Dit is juis die taak van die wetenskaplike om hierdie reëlmatighede in die werklikheid deur middel van wetenskapsbeoefening te probeer blootlê. Kwantifisering is een van 'n aantal metodes wat beskikbaar is en wat gebruik kan (moet) word in die verband. Kwantifisering (hedendaags word in die sosiale wetenskappe van die "operasionalisering" van begrippe gepraat) het dié besondere voordeel dat dit groter presiesheid, duidelikheid en betroubaarheid "...in measuring the qualities which are considered important..." (Goode & Hatt, 1952:314) kan gee. Volgens Smith et al., (1976:97) is operasionalisering bedoel om duidelikheid en presiesheid van definisies en die duidelike afbakening en omskrywing van die kriteria wat onderliggend aan 'n konsep is, te bekom. Die skrywers stel dit baie duidelik dat nie alle konsepte ewe maklik operasionaliseerbaar is nie; dat 'n konsep op meer as een manier operasionaliseer kan word en dat in menige geval verskeie konsepte

geoperasionaliseer word deur middel van 'n hele aantal indirekte indikatore (Smith et al., 1976:99). Ten opsigte van die vraagstuk oor die bepaling van die kwaliteit en die kwantiteit van objekte, verskynsels, ensomeer, verklaar bostaande skrywers dat konsepte "...at the qualitative end of the continuum are vague, more complex, perhaps, but harder to measure and hence less "meaningfull" than those at the quantitative end" (Smith et al., 1976:101). Wat die studie en die genoemde vraagstuk betref, is dit duidelik dat, byvoorbeeld, bydraes nie net aan die hand van gekwantifiseerde inligting beoordeel kan word nie, aangesien alle bydraes nie altyd kwantifiseerbaar is nie en omdat kwantifisering wel 'n aanduiding van omvang kan gee maar terselfdertyd weinig oor gehalte kan konstateer. Om saam te vat: die navorser gaan van die standpunt uit dat (a) die histories-sistematiese en analitiese metodes geldige en wetenskaplike metodes is; (b) dat kwantifisering (waar dit toepaslik is) wel 'n plek as 'n bepaalde metode het en (c) dat die duidelike en presiese omskrywing van begrippe 'n normale vereiste is wat aan die wetenskaplike gestel word. Gevolglik is operasionalisering nodig.

1.6 KRITERIA EN METODE VIR DIE BEPALING VAN BYDRAES EN DIE SELEKSIE VAN DRIE LEIDENDE LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDIGES

1.6.1 Algemeen

Verskeie metodologiese en praktiese probleme is aan die beoordeling van die bydraes van Liggaamlike Opvoedkundiges en aan die seleksie van drie leidende Liggaamlike Opvoedkundiges verbonde. Die volgende behels die belangrikste probleme waarvoor die navorser te staan gekom het:

1. Die keuse van drie leidende Liggaamlike Opvoedkundiges (ten einde vas te stel wat die aard, omvang en gehalte van hulle bydraes tot die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline

en as georganiseerde praktyk was), veronderstel 'n bepaalde metodologiese benadering en uitgangspunt. Dit bring die vraag na vore of 'n stel kriteria ontwerp moes word waarvolgens hierdie bydraes beoordeel kan word sodat 'n seleksie van drie persone gemaak kon word.

2. Afgesien van die streng wetenskaplike en metodologiese probleme was daar verskeie praktiese probleme - soos onder andere dat die studie nie te uitgebreid kan wees nie, maar dat dit ook nie oppervlakkig moet wees nie.
3. Derdens was daar 'n hele aantal vaste gegewendhede waarmee die navorser rekening moes hou, naamlik:
 - 3.1 Sedert 1900 het 'n verskeidenheid persone belangrike bydraes tot die vestiging en uitbouing van die dissipline en as georganiseerde praktyk gelewer.
 - 3.2 Bogenoemde persone was aan verskeie instellings soos skole, universiteite, kolleges en bepaalde verenigings verbonde.
 - 3.3 Sommige van die genoemde persone het min of meer in dieselfde tydvak geleef en gewerk terwyl ander weer in verskillende tydvakke in die ontwikkelingsstadia van die dissipline en die praktyk daarvan gewerk en geleef het.
 - 3.4 Die genoemde persone het nie almal ten opsigte van dieselfde terreine van Liggaamlike Opvoedkunde hulle belangrikste bydraes gelewer nie.
 - 3.5 Sommige van die persone het in dieselfde geografiese streke van Suid-Afrika hulle bydraes ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde gelewer terwyl ander dit in verskillende streke van die land gelewer het.
 - 3.6 Die genoemde persone het onder andere as gevolg van heterogene opleiding verskillende denkrigtings en strominge onderskryf.
 - 3.7 Die geaardhede en persoonlikhede van die genoemde persone verskil van mekaar. Gevolglik bestaan daar ten opsigte van die bydraes van die persone 'n duidelike individualiteit - naas die universele dimensies wat onderskei kan word.
4. Gesien in die lig van die probleemstelling en die doel van die studie, naamlik om slegs die bydraes van leidende persone ten opsigte van die vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline

en as georganiseerde praktyk na te gaan, was die sentrale metodologiese vraag hoe daar op wetenskaplik verantwoordbare wyse drie persone geselekteer kon word. Die tweede metodologiese vraagstuk wat na vore gekom het, het betrekking gehad op die kriteria wat aangelê behoort te word ten opsigte van die beoordeling van die aard, omvang en en gehalte van bydraes en ten opsigte van die seleksie van die genoemde aantal persone.

Die navorser se benadering in die verband, behels die volgende:

1. Soos in die doel van die studie uiteengesit, is dit die oogmerk om die bydraes van slegs drie leidende Liggaamlike Opvoedkundiges met betrekking tot die vestiging en uitbouing van die dissipline en as georganiseerde praktyk, te ontleed. Die motivering hiervoor is eenvoudig dat as die studie sou afstuur op die ontleding van die bydraes van al die persone wat belangrike bydraes gelewer het, dan sou die studie te omvangryk en oppervlakkig geword het. Die gevolg is dus dat daar 'n seleksie uit die aantal leidende bydraers gemaak moes word.
2. Die genoemde probleme waarvoor die navorser te staan gekom het, (soos uiteengesit van 3.1 tot 3.7) het almal betrekking op die wyse waarvolgens 'n seleksie gemaak word - met of sonder 'n stel kriteria. Die navorser se benadering was nie om 'n totaal willekeurige seleksie te maak nie aangesien dit 'n hoogs arbitrêre metode sou wees. Die navorser het bepaalde oogmerke met die studie in gedagte gehad - wat dus beteken dat daar kriteria vir die seleksie van persone neergelê moes word.
3. Gevolglik is van die standpunt uitgegaan dat 'n bepaalde stel kriteria ontwerp moes word waarvolgens die aard, omvang en gehalte van die bydraes van leidende persone in Liggaamlike Opvoedkunde beoordeel kon word en dat 'n stel kriteria ontwerp moes word waarvolgens die seleksies van drie persone gemaak kon word. Dit beteken dus dat twee sake ter sprake is, naamlik (a) kriteria ter differensiering tussen die aard, omvang en gehalte van die bydraes van verskillende persone in Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen ten einde 'n wetenskaplik begronde siftingsproses moontlik te maak, en (b) die aanwending van 'n stel kriteria ter seleksie van drie persone ten

opsigte van aspekte wat nie met hulle bydraes as sodanig te make het nie. Laasgenoemde verwys na fasette soos die geografiese areas waarin die persone hulle bydraes oor 'n relatief lang tydperk gelewer het, die bepaalde tydvak waarin hulle geleef en gewerk het en die rigtings waarin hulle onderskeidelik hulle belangrikste bydraes gelewer het.

1.6.2 Kriteria ter bepaling van die aard, omvang en gehalte van bydraes

Dit is met opset dat hierdie faset eerste ter sprake kom aangesien die bepaling van wat bydraes is - kwantitatief en kwalitatief - determinierend is ten opsigte van die seleksie van persone wat bydraes gelewer het. Daar moet immers eers duidelikheid oor die konsep bydrae verkry word alvorens daar verder beweeg kan word. In die afdeling wat handel oor "Begripsomlyning en begripsmatige probleme" word die konsep bydrae ontleed en geoperasionaliseer. (Kyk 1.7.1). Vir die doeleindes van punt 1.6.2 is dit voldoende om op die volgende fasette daarvan te wys, naamlik: bestaan daar hoegenaamd 'n stel objektiewe kriteria aan die hand waarvan bydraes gekenmerk en beoordeel kan word ?

Dit is voor-die-hand-liggend dat daar nie 'n stel kriteria bestaan wat sō wetenskaplik begrond is dat dit deur wetenskaplikes in die algemeen aanvaar en onderskryf word as maatstaf ter bepaling en beoordeling van bydraes nie. Gevolglik kan daar meer as een stel kriteria bestaan waarvolgens bydraes bepaal en beoordeel kan word en dit, op sy beurt, sal meningsverskil onder wetenskaplikes tot gevolg hê. Die kardinale vraag gaan egter nie oor die moontlike meningsverskil oor die kriteria of oor die feit dat meer as een stel kriteria kan bestaan nie, maar of die stel kriteria wetenskaplik verantwoord is (dit wil sê objektief en geldig is) en of die navorser dit duidelik gestel het.

Ten einde daarin te slaag om 'n wetenskaplik verantwoordbare begronding van 'n stel kriteria vir die bepaling en beoordeling van bydraes daar te stel, het die navorser eerstens gepoog om die konsep bydrae te

operasionaliseer. (Kyk 1.7.1). Vir die huidige argument is dit voldoende om te stel dat bydrae gemeet en geweeg (binne die normale perke wat bestaan) kan word aan die hand van die volgende direkte en indirekte indikatore: toevoeging/byvoegings tot die bestaande navorsingsresultate tydens die dienstydperk van sulke persone; die hersistematisering en nuwe interpretasies ten opsigte van gegewe rigtings en data in die dissipline; die ontwerp en toepassing van nuwe metodes met betrekking tot opleiding, onderrig en navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde; die uitbreiding van die navorsings-, onderrig- en opleidingsgeriewe, die ontwerp en toepassing van nuwe en meer uitgebreide opleidingsprogramme; die hoeveelheid en gehalte van publikasies ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde en sport wat deur sulke persone gelewer is; die toename in die aantal studente wat in Liggaamlike Opvoedkunde studeer; die hoeveelheid pogings aangewend om Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk bekend te stel; die aard en gehalte van die argumente en van praktiese kursusse om voorafgaande te bereik; die hoeveelheid verenigings wat met Liggaamlike Opvoedkunde verband hou waarop sulke persone gedien het; die spesifieke take wat hulle op hulself geneem het of wat aan hulle opgedra is om deur te voer, asook die duur van hulle dienslewering in sulke verenigings en op komitees van sulke verenigings.

Verbandhoudend met bogenoemde is die argument dat die bepaling van wat bydraes is en ten opsigte van die bepaling van die aard, omvang en gehalte van die bydrae van persone in genoemde verband is, daar ook duidelikheid verkry moet word oor wat met die **ontwikkeling** van die Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk bedoel word. Die titel van dié navorsing hou immers verband met die bydraes van die genoemde persone **tot die ontwikkeling** van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk. Die hoofklem val egter nie op hierdie faset nie - om die redes wat onder hoofpunt 1.5 genoem is. Nogtans is 'n mate van duidelikheid in die verband nodig.

Die **ontwikkeling** van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk kan in **kwantitatiewe** en in **kwalitatiewe** sin beoordeel word. Soos reeds genoem is nie alle fasette van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde daurgaans kwantifiseerbaar nie. In

kwantitatiewe sin kan die ontwikkeling van die dissipline in breë verband gemeet word aan indikatore soos die toename van die aantal studente wat Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak gestudeer het; die hoeveelheid nuwe kursusse wat ingestel is; die hoeveelheid skole waar Liggaamlike Opvoedkunde gevestig is; die uitbreiding van fasiliteite (geboue, apparaat); die toename in personeel in departemente wat Liggaamlike Opvoedkunde aanbied; die toename in begrotings vir sulke departemente; die uitbreiding van die aantal tersiêre inrigtings wat Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline begin aanbied het; die aantal navorsingsprojekte deur die genoemde persone onderneem; die aantal navorsingsprojekte waarin so 'n persoon as medewerker of as leier opgetree het; die hoeveelheid nagraadse studente wat onder sulke persone gestudeer het; die aantal publikasies deur sulke persone geskryf; die aantal referate gelewer voor kongresse en simposia; die aantal vertonings wat onder leiding van die genoemde persone gereël is; die aantal ander projekte wat geloods is waardeur Liggaamlike Opvoedkunde as gemeenskapsdiens bekend gestel is; die aantal komitees/kommissies (wat met Liggaamlike Opvoedkunde verband hou) waarop die persone gedien het; die duur van hulle diens; die aantal Liggaamlike Opvoedkundige verenigings waarvan die persone lede was en/of op besture gedien het en vir hoe lank hulle op besture gedien het.

Vanuit die kwalitatiewe hoek gesien, is dit duidelik dat die toename (kwantitatief) van studentegetalle byvoorbeeld nie sonder meer 'n aanduiding is van die gehalte van die onderrig en opleiding nie. So ook kan daar nie sonder meer uit die hoeveelheid navorsingspublikasies afgelei word dat die dissipline as sodanig, in wetenskaplike sin, ontwikkel het nie. Hiermee word die een feit beklemtoon dat kwantitatiewe indikatore belangrik en van nut is maar dat kwalitatiewe indikatore ook nodig is om 'n wetenskaplik ewewigtige beeld van die ontwikkeling van 'n dissipline en as georganiseerde praktyk te kry. Ontwikkeling impliseer dus nie net toename nie maar ook gehalteverbetering. Hoewel die bepaling van die kwalitatiewe baie ingewikkeld is, kan die volgende fasette tog aangetoon word as indikatore waarvolgens die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk plaasgevind het: die gehalte van hul opleidingsmetodes; die opvoedkundige standaard daarvan; die gehalte van die navorsing wat gelewer is deur die genoemde

persone en deur studente wat onder hulle leiding gestudeer het; die gehalte van die differensiasie van nuwe rigtings in die dissipline; die kwaliteit van die insig wat die genoemde persone gehad het ten opsigte van nuwe subterreine van die Liggaamlike Opvoedkunde; die aansien wat hierdie persone onder kollegas van hulle tyd geniet het as akademië, opvoedkundiges en administrateurs in Liggaamlike Opvoedkunde; die kwaliteit van hulle optredes ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde aan skole - met ander woorde of hulle argumente sodanig was dat dit dit gunstig deur onderwysowerhede en selfs hoër owerhede ontvang is; die ywer waarmee hulle die vak gevestig en uitgebou het; die kwaliteit van die oefenstof wat gebruik is en die kwaliteit van verdere differensiasie in die verband; die standaard van hulle dienslewering op vakverenigings en komitees van sulke verenigings; die gehalte van vertonings wat onder hulle leiding onderneem is asook die gehalte van hulle diens ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde as gemeenskapsdiens.

Twee aangeleenthede is uit die bostaande oorsig belangrik. Die eerste is dat die hoeveelheid kwalitatiewe en kwantitatiewe indikatore wydlopend is en tweedens, wat die kwalitatiewe aspek betref, dit steeds onthou moet word dat dit nie doel van die studie is om vanuit die hedendaagse tydvak 'n beoordeling te maak van die gehalte van die ontwikkeling van die vak in die algemeen nie. Die benadering is om kontekstueel te kyk na die bydraes wat gelewer is en dit binne daardie verband te analiseer en, sover dit moontlik is, te beoordeel. Die navorser is van mening dat as die aantal indikatore verskraal sou word, dit ook 'n verskraalde beeld ten opsigte van die omvang en gehalte van die bydraes van die onderhawige persone tot gevolg sal hê. Gevolglik is die benadering om eerder die aantal persone wie se bydraes bestudeer word, in te perk maar om breër in te gaan op die omvang en gehalte van hulle bydraes.

Wat die ontwikkeling van 'n dissipline as sodanig betref, is dit voldoende om te stel dat voortdurende differensiasie en spesialisering (met die voor- en nadele daaraan verbonde) 'n kenmerk daarvan is. Dit beteken dus dat spesialiseringskursusse, die ontginning van nuwe velde in die Liggaamlike Opvoedkunde en die uitbreiding van die wetenskap na terreine buite die universiteite - wat moontlik deur die genoemde persone

aangehelp en moontlik deur hulle ingesien is - reeds beteken dat 'n bydrae tot die ontwikkeling van die vak gelewer is.

Die volgende faset wat ter sprake is, handel oor die kriteria ter bepaling van die aard, omvang en gehalte van die genoemde persone se bydraes tot die vestiging en uitbouing van die vak en as georganiseerde praktyk. In die voorafgaande is daar in 'n sekere sin reeds lig hierop gewerp. Dit is nogtans nodig dat 'n gesistematiseerde stel kriteria opgestel word waarvolgens die navorser die bydraes van die betrokke persone kon ontleed en waarvolgens die drie gekose persone se bydraes gesistematiseer, geanaliseer en beoordeel kon word. Die navorser het, met die oog hierop, 'n literatuurstudie gedoen van publikasies wat oor een of ander "bydrae" van 'n Liggaamlike Opvoedkundige gehandel het. In die verband is werke van Gerber (1971) en van Van Rooyen (1971) - waarin die bydraes van persone ten opsigte van die ontwikkeling van Onderwys, Liggaamlike Opvoedkunde en Sport bespreek is - geraadpleeg. Daaruit het dit geblyk dat die volgende aspekte as belangrike aanduiders van 'n bydrae beskou moet word, naamlik:

1. Wetenskaplike en populêr-wetenskaplike geskrifte
2. Die opleiding van onderwysers/instrukteurs in Liggaamlike Opvoedkunde
3. Die omvang en gehalte van navorsing
4. Die aard, omvang en gehalte van dienslewering op komitees, rade en verenigings wat met bostaande onderwerp verband hou

Die voorgaande stel kriteria vir die bepaling van die aard, omvang en aard van bydraes ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde is skraal en taamlik ongekwalifiseerd. Gevolglik het die navorser, met inagneming van bostaande, die bydraes van 35 toonaangewende Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika in die genoemde tydvak bestudeer. Die bydraes van die onderstaande persone is ondersoek: H. Ahrens, G. Barber, M.C. Black, J.F. Botha, E. Braham, J.C. Cloete, D.H. Craven, H.v.N. de Vos, J.v.R. Furter, E. Hartmann, E. Jokl, M.E. Jooste, J.C. Kelder, P.B. Kemp, E.E. Locke, B.D. Lombard, H.E.K. McEvan, E.M. Neetlingh, H.I. Nel, A.M.K. Obholzer, R.W.J. Opperman, J.W. Postma, D.S. Pretorius, T. Roberston (neé Oertli), A.I. Salmon, J.J. Schoombie,

K.A. Schrecker, C.M. Smit, D.P.J. Smith, H.J. Taylor, G.W. van der Merwe, I.R. van der Merwe, J.J.R. van der Merwe, A. van der Plaats en C.J. Wierffing.

Inligting oor die werk, benaderings en betrokkenheid van die genoemde 35 persone, is hoofsaaklik uit die volgende bronne bekom:

1. Persoonlike onderhoude en korrespondensie met die persone self of kennisse en kollegas van die persone. In die geval van persone wat oorlede is, is met hulle naasbestaendes, kennisse van hulle en van hulle kollegas - wat met gesag oor hulle kon praat - onderhoude gevoer en korrespondensie gevoer.
2. Bestudering van geskrifte wat handel oor die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika oor die algemeen asook die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde aan verskillende opleidingsentra, die weermag, onderwysdepartemente en ander instansies soos klubs en verenigings.
3. Die bestudering van jaarverslae van:
 - 3.1 Die direkteure van Onderwys van die verskillende provinsies (1900-1982)
 - 3.2 Die vakadviseurs in Liggaamlike Opvoeding van die verskillende provinsiale onderwysdepartemente
 - 3.3 Die rektore van onderwyskolleges en universiteite
 - 3.4 Die presidente van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie (tans die SAVSLOR)
4. Die bestudering van notules van:
 - 4.1 Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie - vroeër bekend as die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning (1952-1982)
 - 4.2 Die vroue-afdeling van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie (1952-1982)
 - 4.3 Die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding
 - 4.4 Die senaatsvergaderings van die:

- 4.4.1 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
 - 4.4.2 Universiteit van Pretoria
 - 4.4.3 Universiteit van Stellenbosch
 - 4.5 Die fakulteitsraadsvergaderings van die fakulteite Opvoedkunde aan die:
 - 4.5.1 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
 - 4.5.2 Universiteit van Pretoria
 - 4.6 Die fakulteitsraadsvergaderings van die fakulteite Lettere en Wysbegeerte van die:
 - 4.6.1 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
 - 4.6.2 Universiteit van Pretoria
 - 4.7 Die Sportbeheerkomiteevergaderings van die:
 - 4.7.1 Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
 - 4.7.2 Universiteit van Pretoria
 - 4.7.3 Universiteit van Stellenbosch
 - 4.8 Beskikbare notules van departementele vergaderings van kolleges en universiteite
 - 4.9 Beskikbare notules van sportverenigings soos byvoorbeeld die Wes-Transvaalse Tennisvereniging, die Noord-Transvaalse Gimnastiekvereniging en die Wes-Transvaalse Atletiekvereniging
 - 4.10 Notules van vergaderings van studiekomitees in Liggaamlike Opvoedkunde van die Transvaalse, Vrystaatse en Natalse onderwysdepartemente
5. Die bestudering van die volgende tydskrifte:
- 5.1 Liggaamsopvoeding
 - 5.2 Vigor
 - 5.3 Manpower
6. Bestudering van koerante:
- 6.1 Die Vaderland
 - 6.2 Die Burger
 - 6.3 Die Volksblad
 - 6.4 The Friend
 - 6.5 The Star
 - 6.6 Cape Times
 - 6.7 Die Suidwes-Afrikaner

- 6.8 Die Transvaler
- 6.9 The Pretoria News
- 6.10 The George and Knysna Herald
- 6.11 Die Wes-Transvaal Herald
- 6.12 De Zwartlander, Malmesbury
- 6.13 Die Potchefstroom Herald
- 6.14 Ficksburg News
- 6.15 Oudtshoorn Observer
- 6.16 The Kroonstad Times
- 6.17 Die Perdeby
- 6.18 Die PU-Kaner

- 7. Die bestudering van verhandelinge en proefskrifte in Liggaamlike Opvoedkunde om vas te stel wie die betrokke promotors en leiers was.
- 8. Die bestudering van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag van die werkkomitee: sportdokumentasie. Nr. 19: Bibliography of Monographs and Periodical Titels in South African Sport, Physical Education and Recreation up to December 1980.(HSRC, 1982).

Uit die bestudering van die werksaamhede van hierdie persone (uit die genoemde bronne tydens die voorstudie) het dit geblyk dat bydraes baie meer omvattend is as wat in die voorafgaande stel kriteria aangedui word. Trouens, die bydraes van die genoemde 35 persone varieer nie alleen ten opsigte van verskeie fasette van die Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk nie, maar is ook in meer as een geval baie meer gekwalifiseerd. Daar bestaan 'n bepaalde individualiteit ten opsigte van bydraes naas die universaliteit wat aan te tref is. Omdat die omvang van die veld waarop bydraes gelewer kan word baie wyd is en omdat bydraes as sodanig wydlopend is, is daar op sterkte van die algemeenste aspekte in Liggaamlike Opvoedkunde waarin bydraes gelewer is, besluit om die volgende stel kriteria vir die doeleindes van die studie aan te wend op grond waarvan die bydraes van die gekose persone geanaliseer kan word en op grond waarvan 'n keuse van drie persone gemaak kan word:

1. **OPLEIDING EN ONDERRIG**
 - 1.1 Vestiging en ontwikkeling van die vak ten opsigte van:
 - 1.1.1 Administratiewe beheer oor opleiding en onderrig
 - 1.1.2 Instelling van kursusse en vakrigtings asook die samestelling van leerplanne
 - 1.1.3 Daarstelling en uitbouing van fasiliteite en apparaat
 - 1.1.4 Aanbiedingsmetodes en -middele
 - 1.2 Persoonlike invloed
2. **NAVORSING**
 - 2.1 Eie navorsing
 - 2.2 Optrede as projekteier en hulp aan studente
 - 2.3 Geskrifte
 - 2.4 Referate gelewer
3. **ADMINISTRASIE**
 - 3.1 Liggaamlike Opvoedkundige verenigings
 - 3.2 Sportverenigings
 - 3.3 Liggaamlike Opvoedkundige tydskrifte
 - 3.4 Feeste en vertonings
 - 3.5 Ander projekte soos fiksheidsprojekte, vervaardiging van films, ensovoort

Uit die aard van die saak het die stel kriteria sy eie gebreke en beperkinge maar die navorser is van mening dat dit ten minste die belangrikste hoofasette van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk dek. Elk van die bostaande fasette van Liggaamlike Opvoedkunde kan in subindikatore afgebreek word en dit sal ook uit die studie blyk. Dit is egter nie die doel om hier so 'n gedetailleerde stel kriteria voor te hou nie; dit sou buitendien te lomp wees vir effektiewe aanwending. Dit is voldoende om die breë raamwerk in gedagte te hou. Die aanwending van dié stel kriteria ten opsigte van die aard, omvang en gehalte van die bydraes van die genoemde 35 persone, het die siftingsproses aansienlik vergemaklik maar nog nie daarin geslaag om net drie kandidate te laat kwalifiseer vir die studie nie. Gevolglik, en om redes wat aangetoon word, is ook ander kriteria neergelê waarvolgens die seleksie van drie kandidate op verantwoordbare wyse gedoen kon word.

1.6.3 Addisionele kriteria vir seleksie

Hierdie kriteria wat aangewend is om 'n seleksie van drie leidende persone in Liggaamlike Opvoedkunde te maak ten einde hulle bydraes tot die ontwikkeling van die vak te ontleed, hou verband met aangeleenthede soos die geografiese streke waarin hulle vir die langste tydperk werksaam was; die besondere spesialiteitsrigtings of belangstellingsrigtings waarmee hulle hulle besig gehou het; die spesifieke terreine waarop hulle hulle belangrikste bydraes gelewer het, en die tydvak waarin hulle hulle bydraes gelewer het.

Die uitgangspunt van die navorser was die volgende - en dit behels weer eens 'n metodologiese keuse:

1. Omdat die studie nie as 'n streng vergelykende studie beoog is nie, is gepoog om persone te kies wat op verskillende terreine van die vak besondere bydraes gelewer het. Die doel hiermee is om besondere aspekte van Liggaamlike Opvoedkunde as vak en as georganiseerde praktyk in historiese konteks uit te lig en te probeer aantoon hoedanig die persone se bydraes op hierdie terreine plaasgevind het. Indien persone gekies is wat almal op dieselfde terrein tydens dieselfde tydvak hulle besondere bydraes gelewer het, sou die studie baie meer 'n vergelykende karakter begin aanneem het - en dit was van die staanspoor af nie die doel nie.
2. Daar is tweedens gepoog om persone uit verskillende geografiese streke van die land te selekteer. Die rede hiervoor is eweneens dat die lewering van bydraes in bogenoemde verband ten opsigte van meer as een area (nie bedoel as provinsies nie) 'n breër oorsig oor die ontwikkeling van die vak kan gee. Dit is immers waar dat akademië mekaar beïnvloed en dat daar verskillende benaderings en uitgangspunte by verskillende departemente aan die universiteite in Suid-Afrika bestaan. Gevolglik bied hierdie benadering ten minste die moontlikheid om oor 'n wyer terrein te kyk na die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk in Suid-Afrika.

3. Vanaf die begin van die twintigste eeu was drie tydsgroepe betrokke by die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika, naamlik die ouere tydsgroep, die middeltydsgroep en die nuwe tydsgroep. Die ouere tydsgroep bestaan hoofsaaklik uit dié persone wat reeds afgetree het en in party gevalle reeds oorlede is. Die nuwe tydsgroeps bestaan uit persone wat tans nog in die praktyk staan. Die middeltydsgroep is tussen die ouere en nuwe tydsgroep ingeweef en bestaan uit persone wat nog in die praktyk staan maar binnekort gaan aftree of uit persone wat reeds afgetree het maar nog op een of ander terrein van die vak aktief werksaam is. Daar is geoordeel dat die persone wat gekies word liefers uit dieselfde tydvak moes kom aangesien dit 'n groter homogeniteit ten opsigte van die analisering van die data moontlik kon maak. In beperkte sin bied dit die moontlikheid om 'n oorsig te kry van ontwikkelinge ten opsigte van die vak in verskillende areas maar in dieselfde tydvak.

Op grond van bostaande uitgangspunte ter selektering van drie kandidate is die volgende persone ten opsigte van die afdelings waarin hulle hulle belangrikste bydraes gelewer het, gekies:

1. J.W. Postma : die vak Liggaamlike Opvoedkunde in geheel
2. C.M. Smit : die administratiewe en opleidingsafdeling van die vak
3. D.P.J. Smith : die navorsingsafdeling van die vak in besondere maar ook die opleidings- en administratiewe afdeling

Die streke waarin die persone vir die langste deel van hulle lewens hulle bydraes gelewer het, is Stellenbosch (J.W. Postma); Pretoria (C.M. Smit); Potchefstroom (D.P.J. Smith).

Die seleksie van die drie genoemde persone beteken nie dat hulle die enigste persone is wat kon kwalifiseer nadat die genoemde kriteria toegepas is nie. Daar is ook ander. Nogtans moes die navorser 'n finale seleksie maak. Hierbenewens is daar persone soos D.H. Craven wat 'n besliste keuse vir die studie was maar wat, op grond van die gestelde kriteria, nie saam met Postma behandel kon word nie omdat hulle aan dieselfde Universiteit verbonde was.

Daarbenewens het D.H. Craven so 'n omvangryke bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde en Sport in Suid-Afrika dat dit 'n studie op sigself regverdig. So ook sou E. Jokl in die studie ingesluit kon word op grond van die groot bydrae wat hy gelewer het tot die ontwikkeling, maar veral die vestiging van die vakwetenskap in Suid-Afrika. Benewens die feit dat hy in dieselfde geografiese gebied as Postma werksaam was, was die duur van sy dienslewering, spesifiek ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika, te kort om hom by die studie in te sluit.

Die drie gekose persone se bydraes tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika word elk onder die volgende hoofafdelings behandel:

1. Lewenskets
2. Beskouings ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde en sport
3. Bydrae ten opsigte van opleiding en onderrig
4. Bydrae ten opsigte van navorsing
5. Bydrae ten opsigte van administrasie aspekte
6. Ander bydraes

Inligting ten opsigte van die bydraes van die genoemde persone is uit die bronne wat reeds vermeld is bekom. Groter klem is egter geplaas op persoonlike onderhoude, korrespondensie en vraelyste. By die behandeling van aspekte soos opleiding, navorsing en administrasie is telkens 'n kritiese waardering van elkeen se bydrae gemaak. Dit is gedoen deur 'n intensiewe studie te doen oor die agtergrond waarin die betrokke persone hulle bydraes gelewer het en elkeen se bydraes is daarvolgens geëvalueer. Hierbenewens is gebruik gemaak van die evaluerende menings van betroubare medekollegas wat die betrokke persone baie goed geken het en ten nouste met hulle saamgewerk het.

1.7 BEGRIPSOMSKRYWING EN BEGRIPSMATIGE PROBLEME

Ter wille van wetenskaplikheid en duidelikheid is dit nodig om enkele begrippe wat gebruik word sowel as die veranderings wat ten opsigte van die benamings van verenigings en instansies plaasgevind het, nader te omskryf. In hierdie afdeling word die omskrywing van die begrippe wat dus 'n bepaalde graad van definiëring behels eerstens bespreek waarna spesifieke probleme rondom die gebruik van benaminge van sekere verenigings en instansies behandel word.

1.7.1 Bydrae

Onder bydrae word eerstens die volgende kompleksiteit van aktiwiteite ten opsigte van navorsing verstaan: dit wat die betrokke persone tydens die duur van hulle dienstewering gedoen het tot die uitbreiding van die navorsingsvelde van die dissipline; nuwere insigte in die betrokke dissipline; metodologiese vernuwing; nuwe differensiasies binne die dissipline wat as gevolg van hulle navorsing tot stand gekom het; besondere pogings wat hulleself en hulle studente aangewend het om navorsing in die dissipline te bevorder; die mate van spesialisering wat as gevolg van hulle navorsingswerk tot stand gekom het, sowel as die kennis wat hulle in die algemeen tot die vak toegevoeg het as gevolg van internasionale akademiese kontak.

Wat bydrae ten opsigte van opleiding en onderrig betref, word die volgende verstaan: daardie aktiwiteite wat deur die betrokke persone onderneem is om die omvang en gehalte van onderrig en opleiding te verbeter. Enkele besondere aspekte hiervan behels die volgende: goeie administrasie ter ondersteuning en bevordering van doeltreffende onderrig en opleiding op onderwysgebied - sowel as tersiëre vlak; die instelling en uitbouing van opleidingskursusse en vakrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde; die samestelling en vernuwing ten opsigte van leerplanne; die daarstelling en instandhouding van Liggaamlike Opvoedkunde- en sportfasiliteite; doeltreffende opleidingsmetodes en doseerstyl; persoonlike invloed op leerlinge en studente; tot welke mate die persone bostaande fasette ten opsigte van onderrig in Liggaamlike

Opvoedkunde aan skole bevorder en bepleit het, asook die stappe wat deur hulle geneem is ter professionalisering van Liggaamlike Opvoedkunde.

Wat bydrae ten opsigte van die administratief-organisatoriese faset van Liggaamlike Opvoedkunde betref, word die volgende verstaan: daardie aktiwiteite van die betrokke persone tydens hulle dienstydperk wat daarop gemik was om Liggaamlike Opvoedkunde as vak en as georganiseerde praktyk bekend te stel by skole, die sentrale owerheid en onder die algemene publiek. Besondere aspekte hiervan sluit die volgende in: die mate van sukses wat hulle daarmee behaal het - dit wil sê of hulle argumente die nodige oortuigingskrag gehad het of nie; die kragte wat die persone ingeplou het ten opsigte van die reëling van kongresse, simposia en vakbyeenkomste van Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika; die omvang en gehalte van hulle betrokkenheid by die daarstelling en uitbouing van tydskrifte wat die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde en sport ten doel gehad het; hulle deelname ten opsigte van komitee- en kommissiewerk van vakverenigings met betrekking tot algemene en spesifieke take wat aan hulle opgedra is; die kwaliteit en omvang van die hantering van die gewone sleur verbonde aan die instandhouding, voortsetting en uitbouing van verenigings; vernuwings wat hulle in die verband aangebring het; watter poste hulle in die vakverenigings beklee het en hoe lank hul bepaalde administratiewe poste beklee het; die omvang en gehalte van hul betrokkenheid by die hou van vertonings en feeste ter bekendstelling en bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde; pogings wat hulle aangewend het om Liggaamlike Opvoedkunde as vak en as georganiseerde praktyk buite die kring van die universiteite en die kolleges te vestig en watter aansien hul nasionaal sowel as internasionaal gehad het.

Dit moet in gedagte gehou word dat die klem hoofsaaklik val op dit wat die persone in positiewe sin ter bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk gelewer het. Uit die aard van die saak is nie alle bydraes ewe standhoudend nie maar dit is ewe waar dat, veral in die wetenskap, dit dikwels die mislukkings is wat lei tot meer standhoudende bydraes. Positief gesien: doodloopstrate in die wetenskap dwing die navorser om nuwe weë te soek

en nuwe antwoorde te probeer vind. Dit is in dié lig dat bydraes in die algemeen beoordeel moet word.

1.7.2. Liggaamlike Opvoedkunde as begrip

Aangesien 'n probleem ondervind is met die veelvuldige "name" wat die dissipline en die praktyk daarvan by verskeie instansies sedert 1900 gehad het, is besluit om hoofsaaklik by die benaming **Liggaamlike Opvoedkunde** te bly. Die rede hiervoor is enersyds om aan die deurlopende wisseling van benamings te ontsnap; tweedens om die leesbaarheid van die werk te vergemaklik, en derdens omdat **Liggaamlike Opvoedkunde** tans die amptelike naam van die dissipline by die meeste opvoedkundige instellings is.¹ Hoewel **Liggaamlike Opvoedkunde** dus in die loop van die geskiedenis van die vak verskillende name gehad het soos byvoorbeeld **Liggaamsoefeninge**, **Dril en Liggaamlike Opvoeding**, sal die term **Liggaamlike Opvoedkunde** deurgaans gebruik word. Die benaming **Liggaamlike Opleiding** soos wat dit op 'n stadium deur die Weermag gebruik is, is egter net so behou in die gedeelte wat daaroor handel.

1.7.3. Liggaamlike Opvoedkundiges

Die navorser omskryf die inhoud van die begrip baie wyd en sluit hierby die volgende persone in: almal wat een of ander vorm van formele opleiding in **Liggaamlike Opvoedkunde** (hetsy hoofsaaklik teoreties hetsy hoofsaaklik prakties) ontvang het. Dit beteken dus dat hoogsgekoolde persone soos universitêre akademics, gegradueerdes, diplomandi, instrukteurs, professionele afrigters en onderwysers onder die kategorie ingesluit word mits hulle een of ander vorm van formele opleiding ontvang

¹ Gedurende die tydperk wat hierdie studie aangepak is, was **Liggaamlike Opvoedkunde** die amptelike naam van die dissipline by die meeste opvoedkundige instellings. In 1986 is die naam **Menslike Bewegingskunde** egter by verskeie instellings as amptelike naam aanvaar.

het. Die leser sal merk dat daar veral aan die begin van die eeu 'n baie groot verskil bestaan het tussen akademies gekwalifiseerde persone en dié wat meer in 'n praktiese sin opgelei is om sogenaamde liggaamsoefeninge in verskillende instellings waar te neem. Groter eenvormigheid van opleiding het eers later ingetree.

1.7.4. Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline

Onder die begrip word twee hoofaspekte ingesluit en verstaan. Eerstens die wetenskaplike ontginning van daardie faset van die menslike lewe wat met liggaamsbewegings te make het. Tweedens word die wyse, inhoud en doel van die oordrag van kennis van die genoemde wetenskaplike kennis aan persone bedoel. Dit behels dus die onderrig en opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde. Bogenoemde hoofaspekte kom slegs ter sprake / in soverre die betrokke persone bydraes in die verband gelewer het.

1.7.5. Liggaamlike Opvoedkunde as georganiseerde praktyk

Onder dié begrip word hoofsaaklik die volgende twee hoofaspekte, ter onderskeiding van punt 1.7.4, verstaan, naamlik daardie fasette van die dissipline (as wetenskapsbeoefening) wat in praktiese sin gepopulariseer (dit wil sê na die breë bevolking oorgedra) en bekend gestel is waardeur die praktyk van liggaamlike fiksheid, liggaamlike gesondheid en liggaamlike sorg (in die sin van oefening) beslag in Suid-Afrika gekry het. Uit die aard van die saak neem hierdie faset verskeie dimensies in die alledaagse lewe aan - soos die aanmoediging om een of ander sportsoort te beoefen, liggaamlike oefeninge vir oud en jonk, fiksheidsklasse asook gesonde leef- en werkspraktyke waarin oefening 'n belangrike rol speel.

Die tweede faset wat hierby ingesluit word, is die organisatoriese dimensie van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika. Dit behels in breë trekke die volgende: die skepping, instandhouding en uitbouing van professionele en praktiesgerigte verenigings, organisasies en klubs; die organisering van gewone en spesiale geleenthede vir die beoefening van Liggaamlike Opvoedkunde in een of meer van die genoemde verbande, en

dienlewering in amptelike hoedanigheid in sulke verenigings, organisasies en klubs.

1.7.6. Ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde as dissipline en as georganiseerde praktyk

Onder die begrip **ontwikkeling** (sien die gedeelte in 1.5 wat handel oor operasionalisering van begrippe) word kortliks die volgende verstaan: daardie mate en gehalte van oopmaking, ontdekking en differensiasie wat in die teorie en die praktyk van Liggaamlike Opvoedkunde plaasgevind het; veranderings en vernuwings wat tot die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe uitbreiding van die navorsings-, onderrig en praktiese toepassing van Liggaamlike Opvoedkunde gelei het.

1.7.7. Kontekstueel

Verwysings na 'n kontekstuele siening, kontekstuele analise en na die konteks waarbinne die betrokke persone hulle bydraes gelewer het, word vertolk as 'n analise, evaluering en sintese van die bydraes van die persone binne die tydsraamwerk waarin hulle bydraes gelewer het. Die tydsraamwerk behels verskeie fasette, waarvan enkeles ter illustrasie genoem word, naamlik: tydgenootlike beoordelings van die bydraes van die persone; teorieë, praktyke, filosofieë, metodeke, oogmerke, apparatuur, organisatoriese strukture, bronne, internasionale kommunikasie en kontak, beskikbare literatuur, denkskole en navorsingstemas wat tydens die dienstydperke van die betrokke persone beskikbaar en gangbaar was. Konteks verwys dus eerstens na 'n bepaalde tydsfase en tweedens na dit wat geestelik en materieel in daardie tydperk voorgekom het.

1.7.8. Omvang van bydraes

Soos in punt 1.6.2 aangetoon is, verwys die omvang van die bydraes van die genoemde persone na die "uitbreidheid" van hulle betrokkenheid by, deelname aan, verpligtinge teenoor, lojaliteite ten opsigte van en erns met die navorsingsdimensie, die opleidingsdimensie en die administratief-organisasoriese vlak van Liggaamlike Opvoedkunde. Van

die indikatore wat in die verband gebruik kan word ter kwantifisering van die omvang van hulle bydraes, is in punt 1.6.2 genoem.

1.7.9. Gehalte van bydraes

Onder die begrip word wesenlik die kwaliteit van die bydraes van die genoemde persone verstaan ten opsigte van die aspekte wat in die voorafgaande punt genoem is. Omdat daar nie onder punt 1.6.2 oorgegaan is tot die operasionalisering van die begrip gehalte van bydraes nie, word enkele indikatore - direk en indirek - hier verstrek aan die hand waarvan die kwaliteit van bydraes enigsins duideliker bepaal kan word. Die indikatore word in drie hoofklasse ingedeel, naamlik ten opsigte van die gehalte van bydraes met betrekking tot navorsing, tot onderrig en tot die organisatoriese dimensie van Liggaamlike Opvoedkunde.

Indikatore waarvolgens die gehalte van bydraes op navorsingsgebied in kontekstuele sin enigsins nader bepaal kan word, sluit onder andere die volgende in: die repeterende aard van navorsingstemas al dan nie; voortbouing op navorsingsresultate wat reeds behaal is (met ander woorde verdere en diepere ontginning); verdieping in besondere navorsingsvelde; verbetering van apparatuur en ander fasiliteite ter verdieping van navorsing; die ontstaan en uitbreiding van nuwe differensiasierigtings wat deur hulle navorsing tot stand gekom het; tot welke mate van die nuwere subrigtings vandag 'n algemeen aanvaarde rigting in Liggaamlike Opvoedkunde is; die skep van nuwe insigte en teorieë wat geblyk het baanbrekerswerk te wees; die tydgenootlike aansien wat die persone se navorsingswerk plaaslik en internasionaal geniet het.

Indikatore waarvolgens die gehalte van hulle bydraes op die onderrigterrein van Liggaamlike Opvoedkunde enigsins duideliker bepaal kan word, behels die volgende: die standaard van administrasie wat 'n direkte en ondersteunde invloed op die kwaliteit van opleiding en onderrig wat verskaf is gehad het; die toepaslikheid en aktualiteit van kursusse in vakrigtings wat deur hul ingestel en uitgebou is; die standaard wat gehandhaaf is by die samestelling en vernuwing van leerplanne; die gehalte en gebruiksmoontlikhede van fasiliteite wat deur hul toedoen

daargestel is; die doeltreffendheid ten opsigte van die oordrag van kennis; die stimulering van selfdenke en 'n kritiese beoordeling van die gegewe teorieë en die aansien wat hul as leermeesters geniet het.

Wat die gehalte van hulle bydraes op organisatoriese vlak betref, kan die volgende indikatore gebruik word: die senioriteit van die poste in vakverenigings en organisasies waarin hulle gedien het; die duur van hulle dienslewering in sulke poste; die aantal verenigings en organisasies waarin hulle gelyktydig oor 'n relatief lang tydperk gedien het; die belangrikheid van spesiale opdragte wat aan hierdie persone in hulle amptelike hoedanighede toevertrou is; die eindresultate van hierdie opdragte; die mate van oortuiging wat hulle argumente oor sake in hierdie verenigings gedra het; die aansien wat hulle onder kollegas en lede van die verenigings in Suid-Afrika en oorsee geniet het; die mate waarin hulle beslissende stappe geneem het om Liggaamlike Opvoedkundiges (as akademië en as praktisië) te verenig en te organiseer; hul betrokkenheid by die daarstelling en uitbouing van tydskrifte wat die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde ten doel gehad het en die kwaliteit van hierdie betrokkenheid deur doeltreffende administrasie, organisasie en dienslewering.

1.7.10 Leidende persone

In die lig van bostaande besonderhede word daar onder dié begrip die volgende verstaan: persone wat ten opsigte van die omvang en die kwaliteit van hulle bydraes tot Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika sodanige diens gelewer het dat hulle (op grond van die genoemde merietestruktuur) van ander onderskei kan word en as baanbrekers op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika beskou kan word. Hoewel hierdie persone dus onderskei word van die meeste ander wat Liggaamlike Opvoedkunde beoefen het, is daar nogtans persone wat uit die studie uitgesluit is vanweë die redes wat reeds genoem is. (Kyk 1.6.3).

1.7.11. SAVGLO & O, SAVLOR, SAVSLOR

Bovermelde afkortings word gekoppel aan een sentrale vereniging. Die verskille tussen die afkortings is te wyte aan die feit dat die vereniging naamsveranderinge ondergaan het en wel soos volg: Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning (SAVGLO & O) is in 1950 gestig. In 1958 is die vereniging se naam verander na Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVLOR). 'n Verdere naamsverandering het in 1982 plaasgevind toe dit verander is na Die Suid Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVSLOR). Dié benaming is tans nog in gebruik. In die proefskrif sal die benaming gebruik word wat van toepassing is/was ten opsigte van die betrokke tydperk wat ter sprake is.

1.7.12 PU vir CHO

Bovermelde afkorting word gebruik vir die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Sedert die stigting van hierdie universiteit het dit enkele naamsveranderinge ondergaan. Gedurende die tydperk wat van toepassing op hierdie studie is, was die inrigting hoofsaaklik bekend as die Potchefstroomse Universiteitskollege en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (vanaf Maart 1951). Om die leesbaarheid van die studie te vergemaklik en om aan die deurlopende wisseling van benamings te ontsnap is besluit om die benaming Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) deurgaans te gebruik.

1.7.13 POK

Bovermelde afkorting word gebruik vir die Potchefstroomse Onderwyskollege. Die inrigting was aanvanklik die Normaalskool genoem. Vanaf 1921 is die benaming Potchefstroomse Normaalkollege vir die inrigting gebruik en in 1941 is dit na die Potchefstroomse Onderwyskollege verander. Om dieselfde redes wat in die vorige paragraaf (1.7.12) verstrekk is ten opsigte van die PU vir CHO word daar in hierdie studie slegs van een benaming gebruik gemaak, naamlik die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK).

1.8 LITERATUUR

As gevolg van die feit dat daar weinig gepubliseer is oor die bydraes van enkele leidende Liggaamlike Opvoedkundiges tot die ontwikkeling van die dissipline en die praktyk daarvan in Suid-Afrika in die genoemde tydperk (kyk 1.1) was die navorser genoodsaak om met baie moeite 'n groot hoeveelheid ongeordende primêre bronne deur te werk en te sistematiseer. 'n Breë oorsig oor die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde sedert 1900 in Suid-Afrika het dié taak effens vergemaklik aangesien daar vaste verwysingspunte was waaraan bepaalde data geheg kon word. Die belangrikste primêre bronne wat geraadpleeg is, is artikels, boeke, referate, gedrukte praatjies/lesings, briewe en notas wat deur die die betrokke persone self geskryf is en wat onder andere in argiewe van verskeie instellings of by die persone self of persone wat intiem by die persone betrokke was, opgespoor en nagevors is. Benewens bogenoemde lys primêre bronne, is daar ook persoonlike onderhoude met die meeste van die betrokke persone self gevoer en op kasset vasgelê.

Wat sekondêre bronne betref het die navorser van die standpunt uitgegaan dat alle bronne wat nie direk deur die betrokke persone self geskryf of gelewer is nie, as sekondêre bronne beskou moet word. Daar bestaan 'n groot hoeveelheid ongeordende sekondêre bronnemateriaal - soos blyk uit die opgaaf van bronne wat onder punt 1.6.2 genoem is. Dit sluit boeke, tydskrifartikels, foto's, koerantberigte, briefwisselings, notules van verskeie verenigings, rade en ander liggame in. Hierbenewens is daar gebruik gemaak van menings van kollegas, familie van die betrokke persone en vakkundiges in die algemeen. Die vraelyste wat gebruik is, was bedoel om bepaalde gegewens oor die betrokke persone in te win.

Soos met enige studie wat 'n historiese karakter dra, is daar altyd leemtes ten opsigte van die bronnemateriaal. Dit was nie in alle gevalle moontlik om volledige besonderhede te bekom nie. Dog die bronne wat geraadpleeg is, was so omvangryk en volledig dat 'n betroubare rekonstruksie en evaluering van die historiese gegewe, nogtans moontlik was.

Daar is byvoorbeeld in 'n groot mate gebruik gemaak van uitknipsels van koerantberigte en -foto's wat verkry is van die betrokke persone of hul naasbestaandes. Alhoewel die naam van die koerant sowel as die datum daarvan ten opsigte van die uitknipsel meestal bekend was, was die bladsynommer nie altyd beskikbaar nie. Om hierdie rede is daar besluit om deurgaans dieselfde metode te gebruik indien daar van 'n koerantberig as bron gebruik gemaak is, naamlik dat slegs die naam van die koerant en datum van uitgawe gemeld sal word en nie die bladsynommer nie. Daar was enkele gevalle waar die dag en datum nie op die betrokke uitknipsel verskyn het nie. In so 'n geval is dit in die bibliografie aangedui waar die betrokke uitknipsel (wat geraadpleeg is) verkrygbaar is.

Indien daar van notules as sekondêre bron gebruik gemaak is, is slegs die datum van die vergadering en die naam van die betrokke vereniging, komitee, bestuur, instansie, inrigting, ens. gemeld. Die bladsynommer is nie gemeld nie. Vir enige verdere navorsing sou 'n persoon tog die volle notule moet bestudeer om 'n geheelindruk van die trant van die vergadering te verkry.